

Rheebok Village Estate wink vir jou in die mooie Tuinroete

Mosselbaai het pas een van die grootste ekolandgoedere gekry. Rheebok Village Estate is 'n unieke landgoed van 50 hektaar, waarvan meer as 16 hektaar bestaan uit groen gedeeltes en parke.

Die dorp is 'n gesogte kusdorp aan die Tuinroete danksy pragtige wit strande wat kilometers ver strek, matige klimaat en natuurskoon, en bied vele trekpleisters onder meer bootvaarte, visvangplekke, natuurreservate, fynbos, stap-, bergfiets- en 4x4-roetes en wildsplase, wat Rheebok Village Estate die ideale veiligheidslandgoed maak vir enige inwoner wat hom hier kom vestig.

Dié eksklusiewe veiligheidslandgoed spog reeds met 18 voltooide huise, en nege huise is tans in aanbou of in die proses om goedgekeur te word vir konstruksie met verkope wat goed vorder.

Nie net kan inwoners hier 'n rustige leefstyl geniet en eiesoortige natuuravonture feitlik op hul voorstoep ervaar nie, hulle kan ook al hul kulinêre voorkeure en besonderse wynervarings na hartelus uit leef by die vele puik restaurante in die omgewing.

Mosselbaai se eie wynlandgoed Jakkalsvlei-wyne is ook



'n Kunstenaarsvoorstel van hoe die ingang by Rheebok Village Estate gaan lyk.

naby, met verskeie kultuurfeeste wat in die omgewing gehou word soos Oudtshoorn se gewilde KKNK.

Met die George-lughawe slegs 40 km ver, Kaapstad en Port Elizabeth slegs sowat 390 km, Oudtshoorn sowat 85 km, en die see slegs 4 km weg, is Rheebok Village Estate die perfekte aftree- of gesinsbestemming vir jonk en oud.

Die ontwikkeling het 'n noordaansig met 'n argitektuur wat die Kaapse volksboukunde weerspieël, en bied pragtige uit-

sigte op welige, groen veeplase in die vallei.

Verblyf hier sal heeljaar soos 'n vakansie voel met die warm Indiese Oseaan so naby, sonskyn feitlik reg deur die jaar, die Outeniekwa-berge 'n klipgooi ver en Kaapse fynbos-aromas wat die vars lug komplementeer.

Vir meer inligting oor Rheebok Village Estate, kontak gerus vir Scholtz Bruwer by 082 457 3105. Stuur ook e-pos na scholtz@brlawsa.co.za en www.rheebokvillage.co.za.